


Carel &Annetjie le Roux

Liewe Familie en Vriende,

‘n Nuwe jaar en ‘n nuwe voorkoms vir ons nuusbrief. Ons is baie dankbaar dat ons gesond is en ons sien uit na hierdie jaar. As dit die Here se wil is kan ons dalk later na Madagaskar gaan, want ons hoor dat die grense dalk volgende maand oopmaak vir Suid-Afrikaners. Dan sal die ergste siklone en die reënseisoen ook verby wees. Genadiglik was die laaste sikloon nie so erg soos die vorige 2 nie. Baie mense het gebid en die sikloon het teen die ooskus en suidwaarts beweeg. Daar was baie reën en huise is oorstroom, maar darem nie lewensverliese soos met die vorige 2 nie.

‘n Paar vinnige feite:

- Ons volgende **uitreik na Madagaskar** is nog steeds in die weegskaal, maar ons hoop en bid dat dit wel kan gebeur.
- **Leon en Carmen Davids**
  Hulle wil graag voltyds gaan, maar wag nog vir Riley, hul pleegkind, se aanneming om gefinaliseer te word.
- **Toliara Bybelskool**
  Pastoor Jonoro het die Bybelskool, waarby ons die afgelope 12 jaar betrokke is, uitgebrei en ‘n 6 maande opleidings-program vir inheemse sendelinge begin. Hulle is reeds in hulle 5de week. Die beplanning was om 15 studente toe te laat, maar daar is 25. Daar is 3 families met 6 kinders en die res is enkellopendes. Drie dames en 16 mans.
  Sy gebedsversoek is vir hulle gesondheid en dat hulle die nodige kennis en vaardighede sal kry wat nodig is om hulle doelwitte te bereik.
- Ondersteuning vir **opleiding van inheemse sendelinge**
  Aangesien ons nog nie na Madagaskar kon gaan nie het ons besluit om van die fondse wat ons reeds gespaar het vir die doel te gebruik om die studente te ondersteun. Hulle het elk omtrent R500 per maand nodig vir kos en akkommodasie. Ons het vir die aanvanklike 15 studente ‘n bedrag van R30,000 oorbetaal. Ons sluit meer inligting oor die Bybelskool en hoe julle hulle kan ondersteun hierby in.
- **Siklone**
  Ons bid vir die mense wat geliefdes verloor het en ook huise en landerye wat weg gespoel het. Paaie is onbegaanbaar en brûe is weggespoel. Hierdie rampe gee die geleentheid vir Christene om in liefde na die behoeftiges uit te reik met kos, maar ook die Evangelie te bring.
  Saam met die skade kom daar ook die reën wat so nodig is in die droogte geteisterde gebiede.

Baie dankie vir elkeen wat meeleef, bid en bydra tot hierdie opwindende werk wat die Here deur pastoor Jonoro doen met die ondersteuning van individue, en gemeentes soos Tzaneen en Gordonsbaai.


Groete en seënbede.

Carel en Annetjie

Eposadres: lerouxcarel2@gmail.com -:- WhatsApp: 064 900 1883 of 064 906 4558

## MADAGASKAR SENDING

# TOLIARA BYBELSKOOL



Pastoor Jonoro, die visionêr met passie vir die onbereiktes.

Hy het reeds self baie kerkies geplant en destyds saam met sy vrou, Hanitra en hulle 3 kleuters, in die Mikea-bos gaan woon om die Evangelie te bring en 'n verskil te maak. Daar is vandag 'n skool, kliniek en 'n kerk. Hulle het later teruggegaan na Toloiara ter wille van hulle kinders se skool opleiding.

Sedert 2010 werk Carel en Annetjie saam met hom deur opleidings-materiaal saam te stel en aan te bied. In 2019 het Leon Davids saam gegaan en opleiding gedoen in Moslem-bediening. Hy en Carmen, sy vrou, voel geroepe om nou voltyds na Madagaskar te gaan. As dit die Here se wil is sal hulle Carel en Annetjie se plek inneem wat ondersteuning vir pastoor Jonoro betref.




Pastoor Jonoro het baie medewerkers nodig om sy visie en passie verder te laat realiseer. Daar is reeds sukses-stories waarvoor ons die Here dank. Van ons studente is reeds in die sendingveld waar hulle voltyds werk onder onbereiktes, selfs in 'n oorwegend Moslem-dorpie in die ooste van Madagaskar.


Hierdie jaar het pastoor Jonoro met 'n 20-weke opleidingsprogram begin om nuwe geestelike leiers te bemagtig om die opdrag van Jesus in Mat 28:19-20 uit te voer.


---------------------------------------

Voor ek die studente voorstel, wil ek graag sê hoe jy betrokke kan raak. Daar is veral 2 maniere. Seker die belangrikste is om vir die studente te bid. Jy kan vir die hele groep bid, een per dag, of jy kan een kies vir wie jy gereeld wil bid. Die tweede is net so belangrik: As jy die opleiding finansieel wil ondersteun, kan jy dit ook doen deur eenmalig of maandeliks 'n bydrae te gee. As jy 'n spesifieke student wil borg, kan jy dit doen, maar die bydrae sal help om die projek as geheel te ondersteun. Vir 'n enkeling beloop die koste vir kos en akkommodasie ongeveer R500 per maand (afhangende van die wisselkoers) en vir 'n egpaar omtrent R750. Aangesien die kursus 6 maande is kos dit dus ongeveer R3000 per persoon.

**ONTMOET DIE STUDENTE:-**

| | |
|---|---|
|  | Naam: Soby<br>Vrou: Gisele<br>Kinders:<br>Kerk: Morondava Centre<br>Visie: Om kerke te plant (saammet Mady, een van die sendelinge wat deur ons opgelei is) onder die Vezo stam langs die kus van Morondava tot by Mainirana. |
|  | Naam: Nicolas<br>Vrou: Michelline<br>Kinders: Perancia (V - 9)<br>Gracia (V – 8 maande)<br>Kerk: Mahatsara Mahanoro (East Coast)<br>Visie: Om 6 kerke in sy tuisland (Mahanoro) te plant. |
|  | Naam: Benefice<br>Vrou: Tahoeto<br>Kinders: Maximillien (M- 6)<br>Mirana (V - 16)<br>Kerk: Antsanerena Ankililoaky<br>Visie: Om kerke in die Ooskus van Madagaskar te plant. |
|  | Naam: Mbolamisy Venant August<br>Vrou: Ongetroud<br>Kinders: Augustine (V – 19) Seraphin (M – 16)<br>Venant (M – 15) Murielle (M – 13)<br>Kerk: Ankilimida Mahabo<br>Visie: Om kerke te plant in Farafangana (Ooskus – Zafisoro stam). |
|  | Naam: Stephan Landry<br>Vrou: Ongetroud<br>Kinders: Geen<br>Kerk: Ilaka East (Vatomandry – East Coast)<br>Visie: Om kerke te plant vanaf Vatomandry tot Maorlambo. |
|  | Naam: Emoravelo<br>Vrou: Jeannine<br>Kinders: Mitahy (M – 18) Avotra (V – 16) Vavy (V – 12)<br>Zafilahy (M - ) Sambatra (V – 6) Joely (M – 3)<br>Kerk: Besatra Betioky<br>Visie: Om 'n sendeling in 'n nuwe area onder die Bara- en Tanosy-stamme te wees. |
|  | Naam: Juvance Valerie<br>Vrou: Ongetroud<br>Kinders: Geen<br>Kerk: Mahatsara<br>Visie: Sendingwerk, evangelisasie en kerkplanting vanaf Mahatsara (Vatomandry) tot die suide van Mahanoro. |

| | |
|---|---|
|  | Naam: Madera<br>Vrou: Soafara<br>Kinders: Manosoky (M – 18) Efonedo (M – 16)<br>Tsirangoty (M – 14) Tinata (M – 12<br>Remamboatsy (M – 9) Tsimamboatsy (M - )<br>Larissia (V – 7) Velosaina (V – 6)<br>Neike (V – 6)<br>Kerk: Ankilimary Betioky (Mahafaly stam)<br>Visie: |
|  | Naam: Gaston Modeste<br>Vrou: Lisy<br>Kinders: Lolona (V-20) Esther (V-18)<br>Irene (V-7) Dasy (M-9)<br>Kerk: Analaiva<br>Visie: Dissipelskap en uitstuur van sendelinge rondom Analaiva. |
|  | Naam: Sisia<br>Vrou:<br>Kinders:<br>Kerk:<br>Visie: |
|  | Naam: Frathel<br>Vrou: Faniry<br>Kinders: Ephrael (M – 2)<br>Baba oppad<br>Kerk: Andakoro<br>Visie: Om kerke in Sambava en die SAVA omgewing te plant (in die Noorde) |
|  | Naam: Alexandre<br>Vrou:<br>Kinders:<br>Kerk:<br>Visie: |
|  | Naam: Noella<br>Vrou:<br>Kinders:<br>Kerk:<br>Visie: |
|  | Naam: Maurel<br>Vrou: Eugenie<br>Kinders: Kezia (V – 4)<br>Hezekia (M – 2)<br>Kerk: Tratramarina (Vatomandry – Ooskus)<br>Visie: Dissipelskap en kerkplanting in Tanambao Manampotsy (Ooskus) |

| | |
|---|---|
|  | Naam: Manjovelo<br>Vrou: Sevadraza<br>Kinders: Moravototsy (M – 13) Manirisoa (V – 10)<br>Fagnampisoa (M - ) Mandimbisoa (M – 6)<br>Vororaza (M – 4) Noelisoa (V – 2)<br>Kerk: Bemagnendraky Marovato (Androy gebied)<br>Visie: Om nuwe kerke te plant tot by Faux Cap (nuwe area) |
|  | Naam: (Tinah) Zafitiana Maria Esther<br>Man: Geskei<br>Kinders: Achile (M – 14)<br>Sainah (V- 11)<br>Norah (V – 10)<br>Kerk: Andakoro<br>Visie: |
|  | Naam: Dosia Mianakavy<br>Vrou: Viviane<br>Kinders: Jocelynah (V-14) Dorsia (V-10)<br>Nasolo (M-5) Marie (V-3)<br>Kerk: Morondava<br>Visie: Kerkplanting in Belo Tsiribihina. |
|  | Naam: Lande<br>Vrou: Ongetroud<br>Kinders: Geen<br>Kerk: Antanamboavao Morarano Chrome (Bezanozano)<br>Visie: Om 'n sendeling in Anosibe Anala (ooskus) te wees. |
|  | Naam: Benanjo Mianakavy<br>Vrou: Tsihala<br>Kinders: Valiantsoa (V – 6)<br>Veronique (V – 5)<br>Estheline (V – 6 maande)<br>Kerk: Tsidiry Marovato (Androy gebied)<br>Visie: Om die dorpies rondom Androy te bereik en kerkies te plant. |

Daar is enkellopendes en egpare. Die enkellopendes bly in die kerk en vir die gesinne is daar "grashuisies" gebou. Hulle het vir 15 studente beplan , maar toe daag daar 25 op!

Bid asseblief vir die student – vir hulle gesondheid en dat hulle die kennis en vaardighede wat hulle nodig het vir hulle bediening sal bemeester.

Hanitra, Jonoro se vrou, bied spesiale klasse aan vir die studente se kinders.

## 20-week Training

| | |
|---|---|
| Week 1: | Introduction |
| Week 2: | Mission, Children's ministry, Theology and God's heart, cultural studies, writing their vision and goals. |
| Week 3: | Focus on Christian leadership. Also did outreach to the street people in Toliara to distributed food. Case study. |
| Week 4: | Evangelism, how to make disciples, and doctrine on Scriptures.<br>Pracicum: Children's Good News Club with CEF (Child Evngelism Fellowship) |
| Week 5 : | Writing vision after studying God's vision for Madagascar.<br>Evangelism by story telling to the Mikea community. (Storying about Abraham. They identify themselves as Abraham.) |

NS. Ek vul die weke se onderwerpe in soos ek dit van pastoor Jonoro kry.
Daar is ook gegewens by die student inligting uitstaande. Ek sal dit deurgee wanneer ek dit kry.